DISKUSSIE NA AANLEIDING VAN DIJKSTRA
DIE PERSOONLIKE TOESPITSING VAN DIE HEIL IN DIE HEIDELBERGSE KATEGISMUS

Ds. Flip Buys skryf:

Ek is dankbaar dat ds. H. Dijkstra in sy artikel: Die aard van Persoonlike toespitsing van die heil in die Heidelbergse Kategismus, die probleemstelling van 'n *skynbare teenstrydigheid tussen die persoonlik soteriologiese en die soewereine Koningsheerskappy van die Drie-enige God aan die orde stel.* Myns insiens heers daar by baie mense groot verwarring oor hierdie saak en sou verdere besinning daaroor ons almal ten goede kom.

Die waarskuwing van ds. Dijkstra is mooi: „Dit moet op hierdie stadium (in die vyfde plek) wel duidelik wees dat mens baie versigtig moet wees om in jou beoordeling van die persoonlike toespitsing nie te kom tot onbybelse teëstellings tot die konstruksie van 'n onbybelse konkurrensie verhouding tussen: die bo persoonlike en die persoonlike, die heilshistoriese en die heilsordelike, die teologiese en die antropologiese — tussen God en mens nie" [1]. Hierdie waarskuwing sny egter tereg na twee kante toe. Metodiste en Piëtiste en Gereformeerdes moet daarvan deeglik kennis neem.

Ek het al by mense wat meen dat hulle Gereformeerd is, uitsprake soos die volgende teëgekom wat my laat besef dat hulle die Bybelse boodskap van die verlossing in en deur Jesus Christus nie reg begryp nie. „Ek is nie seker of ek die ewige lewe besit nie, maar dit maak ook nie vir my saak nie. Al wat saak maak is dat God sy eer kry. Ons Calviniste vra nie sulke vrae nie. Al laat God my dan ook hel toe gaan, is dit nog steeds goed, solank Hy net sy eer kry" [2].

'n Uitspraak van Calvyn soos die volgende klink in die lig hiervan bra on-„Gereformeerd" en oncalvinisties. „Daar is twee dinge waarop ons geheel en al moet konsentreer en wat al ons studie en ywer vra en wat die somtotaal is van dit wat die Bybel leer. Die een is die verheerliking van God en die ander is die versekering van ons redding, sodat ons Hom as die Vader van ons redding aanroep. As ons hierdie twee dinge nie het nie, dan het ons geen godsdiens nie. Dan mag ons nog baie praat oor God maar dit sal valsheid wees" [3]. „Laten wij liever zóó denken: zóó waard als Gode zijn Eniggeboren Zoon is, zóó kostelijk is Hem ook onze zaligheid geweest, welken prijs Hij heeft willen stellen in den dood van den Eniggeborene Zelf" [4].

Ongeveer ses jaar gelede was daar by 'n klassissitting van Gereformeerde kerke in die O.V.S. na aanleiding van art. 41 K.O.-vrae„ 'n bespreking oor evangelisasie en oor die feit dat al die kerke gerapporteer het daar nie werklik iets aan die saak gedoen word nie. „Slegs voorkomende gevalle word bearbei." Een van die sprekers het 'n besliste standpunt gehad oor die saak: „Hierdie klem op evangelisasie is ongereformeerd. Vir Gereformeerde Calviniste moet alles gaan om die eer van God. Dit is net Metodiste wat so baie moeite doen dat sondaars gered word en siele gewen word" [5].

So 'n broeder sal Calvyn beslis effe metodisties vind met sy kommentaar by Jak. 5 : 20, „Laat hy weet dat die een wat 'n sondaar van sy dwaalweg bekeer, 'n siel uit die dood sal red en 'n menigte sondes sal bedek." Calvyn skryf by hierdie vers: „Want Jakobus prijst ons aan de verbetering der broederen, met het oog op de vrucht dat wij te naarstiger daartoe pogen. Daar is niets uitnemenders noch wenschelijkers dan een ziel uit den eeuwigen dood te trekken. Dit doet hij nu die een dwalenden broeder terecht brengt. Zoo is dan zulk een heerlijk werk geenszins na te laten. Wij zien hoe grootelijks Christus het acht, hongerigen spijs en den dorstigen drank te geven, maar de zaligheid der ziel is hem veel dierbaarder, dan het leven des lichaams. Zoo moeten wij dan toezien, dat de zielen, van Christus verlost en welken zaligheid God eenigzins in onze hand gesteld heeft, door onze slappigheid niet vergaan. Niet dat wij zelf zaligheid geven, maar omdat God door onze dienst verlost en behoedt, wat anderzins het verderf nabij scheen" [6].

Tereg waarsku Brillenburg Wurth: „In sommige gereformeerde kringen is in de laatste jaren weleens een onschriftuurlijke tegenstelling gepredikt tussen het Goddelijke en het menselijke en in verband daarmee ook ten opzichte van de evangelizatie over het „winnen der zielen" gesproken met een zeker dedain, alsof het daarin om iets minderwaardigs ging. Daarom kan een rechte, gereformeerde evangelizatie nooit onverschillig staan ten opzichte van de vraag, of zielen kunnen worden gewonnen, of zondaars tot bekering kunnen worden gebracht en daarom mag het niet, dat wij ons niet interesseren voor de vraag langs welke weg dit geschied, en volgens welke methode wij daarbij te werk hebben te gaan" [7].

IS 'N SOTERIOLOGIESE BEGINPUNT ONSKRIFTUURLIK OF ONGEREFORMEERD ?

Ek is dankbaar dat ds. Dijkstra daarop wys dat die Kategismus 'n baie duidelike soteriologiese beginpunt het. Net soos in die Kategismus is dit dus heeltemal aan te beveel dat ook 'n evangelisasiegesprek ter wille van „die praktiese, pastorale, eksistensiële aanpak" [8] wel by die punt begin solank dit „pro me" en „pro nobis" net later in die gesprek deeglik gefundeer word in die „extra nos" van die gekruisigde en opgestane Christus.

Wanneer ons in die Dordtse Leerreëls die sending- en evangelisasieroeping bely, staan die soteriologiese en „pro me" tereg ook duidelik uit as uitgangspunt. Dordtse Leerreëls II par 5: „Verder is dit die belofte van die Evangelie dat *elkeen wat in die gekruisigde Christus glo nie verlore sal gaan nie, maar die ewige lewe sal hê;* en *hierdie belofte* moet aan alle volke en mense tot wie God na sy welbehae sy evangelie stuur, sonder enige onderskeid *verkondig* en voorgestel word met die bevel van bekering en geloof."

ONBYBELSE GODSBEGRIP

Die gevaar is wesenlik dat mense uit oorreaksie teen metodisme humanisme 'n totaal fatalistiese onbybelse Godsbegrip ontwikkel.

Gispen het daarop gewys dat Gereformeerdes wat in verband met die eer van God uitgaan van die absolute besluit van God buite Christus om as hulle konsekwent redeneer, God bloot sien as die noodlot waaraan Jupiter self onderworpe is. My enigste „troos" is dan in dié geval dat ek grootmoedig my verdoemenis ondergaan, sonder om ooit die inkonsekwensie te begaan om uit te roep: „Genade o God, genade!" [9].

MOONTLIKE HISTORIESE VERKLARING VIR PROBLEEMSTELLING

Indien 'n mens die standpunte van Calvyn en Beza oor geloofsekerheid met mekaar vergelyk, word latere verskille oor hierdie saak in die Gereformeerde wêreld baie duidelik.

R. T. Kendall het myns insiens oortuigend aangetoon dat Beza teruggegly het in 'n Aristoteliese denkkader en 'n skolastiese uitverkiesingsleer daarop nagehou het, maar tog nog probeer vashou het aan Calvyn se leer oor die sekerheid van die saligheid: „The problem was that Beza could not make Christ the ground of assurance since Christ (according to him) did not die for all. There was no way to tell if Christ died for this or that man—one could not even say Christ died "for me" and, therefore Christ in Beza's thought could never have been the ground of assurance. *The only way to know whether Christ died 'for me' (or for you) Beza claimed, is by descending into our hearts to see whether we are sanctified. Sanctification, or good works, then became the ground of assurance*" [10]. My kursivering, P. J. B.)

Hier lê myns insiens die ware oorsaak van 'n sieklike selfgesentreerde piëtisme. Nie in die blote vraag na sekerheid van saligheid nie, maar in die begronding van sekerheid van saligheid op iets in of van myself, omdat die uitverkiesing gehanteer word as 'n soort van starre wilsbesluit van God, los van die soenverdienste van Christus.

Kendall som dan Calvyn se standpunte oor sekerheid van saligheid op: „Calvin's theology of assurance in a word is this: Christ died for all but intercedes for the elect only (at the Father's right hand). His view is that the atonement is 'ratified' not by virtue of its external act (i.e. Christ's death on the cross) but by the power of the Spirit. The Spirit applies Christ's death to the elect inasmuch as Christ has 'passed into the heavens' (prefigured by the hight priest in the O.T. who took the shed blood behind the veil—such blood having been shed openly—where the atonement was actually received by God. Apart from this repeated theme in the Institutes (Books II and III) see Calvin's treatment of Isaiah 53 : 12 (both sermon and commentary), Romans 3 : 24 and 5 : 12—19, Hebrews 9 and John 3 : 14—17 and 17 : 9. Note that for Calvin the 'many' (which some apply to the elect only) means 'all men'. The decree of election, then refers not to Christ's death but to his ascension and intercession. This is the teaching (which must be grasped) that lies behind Calvin's words (Institutes III : iii : 1) 'all that He has suffered and done for the salvation of the human race remains *useless* and of *no value* until we 'believe' (italics mine)" [11].

In die latere stryd tussen die Drentse en die Gelderse rigtings in Nederland, kom baie duidelik die verskil tussen standpunte van Calvyn en Beza na vore. Dit is maklik om die standpunte van Beza by die Drentse rigting te onderken: „De zekerheid des geloofs was naar hun overtuiging niet aan het wezen van het geloof inhaerent, maar een speciale gave van God, welke bij sommigen aan het geloof wordt toegevoegd. Daarbij werd sterke nadruk gelegd op de *kenmerken van het nieuwe leven als middel om tot die zekerheid des geloofs te geraken.* Fel keerden zij zich tegen het beschouwen en aanspreken van de gemeente als gelovigen of christenen. Van een bevel des geloofs, komend tot allen naar wie de prediking uitgaat, wilden ze evenmin iets weten. Heel hun prediking en pastorale zorg werd voorts beheerst door hun idee omtrent het eeuwig besluit der uitverkiezing. Bouwman zegt: ‚Zij redeneren uit de verkiezing Gods en hadden niet het juiste inzicht in het wezen en de openbaring van het genadeverbond' "[12]. Hierdie gebrek aan 'n geloofsekerheid wat gewortel en gegrond is in Jesus Christus het meer *'n Christen- as 'n Christusprediking* ten gevolge gehad. Die gevolg is dat eensydige piëtistiese verskraling hieruit voortgevloei het [13].

Die Gelderse rigting daarenteen het egter agter die Nadere Reformasie om na Calvyn teruggegryp. Juis daarom het persoonlike geloofsekerheid, die bevel tot 'n welmenende aanbod van genade en die roeping tot sending en evangelisasie by hulle groot klem ontvang [14].

Is daar dalk in Suid-Afrika nog steeds onbewustelik 'n stryd tussen Drentse en Gelderse rigtings?

LEI DIE KLEM OP SEKERHEID TOT SELFGESENTREERDHEID?

Die beskuldiging word dikwels gemaak dat 'n soteriologiese beginpunt en 'n soteriologiese klem Christene produseer wat so selfgesentreerd is dat hulle die wêreld ontvlug of dit hoogstens as evangelisasieterrein beskou waar siele vir Christus gewin kan word en nie as God se wêreld wat in sy totaliteit herskep moet word nie [15].

Myns insiens is die teendeel juis waar. Iemand wat nie kom tot die blye sekerheid nie, bly steeds so selfgesentreerd dat hy nie waarlik diens kan lewer in God se koninkryk nie. *Egte Christusgefundeerde sekerheid bring juis bevryding en gewilligheid tot diens.* Dit het ek deur God se genade dikwels by mense sien gebeur in my bediening. Dit kom dan ook juis pragtig in Sondag 1 van die Kategismus na vore. Nadat die Heilige Gees my verseker het van die ewige lewe, maak Hy my *van harte gewillig en bereid om verder vir Hom te lewe.* „Gewillig en bereid", die Latynse „promptus ac paratus" het iets van 'n militêre klank. As geloofsversekerde spring ek op aandag, gereed vir diens!

Dit is wat ook bedoel word as ons in die N.G.B. artikel 24 bely: „Daarom is dit onmoontlik dat hierdie regverdigmakende geloof die mens onverskillig sal maak om vroom en heilig te lewe, dat hy inteendeel daarsonder nooit iets uit liefde tot God sal doen

nie, maar alleen uit liefde tot homself en uit vrees vir die verdoemenis. So is dit dan onmoontlik dat hierdie heilige geloof werkloos in die mens kan wees, aangesien ons nie van 'n ydele geloof spreek nie, maar van so een wat die Skrif noem *'n geloof wat deur die liefde werk,* wat die mens beweeg om hom te oefen in die werke wat God in sy Woord beveel het; werke wat, as hulle voortkom uit die goeie wortel van die geloof, goed en welgevallig is, omdat dit alles deur sy genade geheilig is."

Wanneer iemand waarlik seker is van sy redding in Christus, sal die liefde van Christus hom dring, omdat hy tot die insig gekom het dat een vir almal gesterf het, „en dit beteken dat almal gesterwe het. En Hy het *vir almal gesterwe sodat die wat lewe, nie meer vir hulleself moet lewe nie, maar vir Hom wat vir hulle gesterf het en uit die dood opgewek is"* (II Kor. 5 : 14 en 15). Die uitspraak van biskop Latimer in hierdie verband is sprekend. „When I live in a settled and steadfast assurance about the state of my soul, me thinks then, I am as bold as a lion. I can laugh at all trouble: no affliction daunts me. But when I am eclipsed in my comforts, I am so fearful a spirit that I could run into a very mousehole" [16].

Dit herinner weer aan Calvyn wat in uitbundige geloofsekerheid in die Institusie uitjubel: „Een gelovige, zeg ik, is slechts hij, die steunend op de gerustheid zijner zaligheid, de duivel en de dood vol vertrouwen tart" [17].

GEBREK AAN KLEM OP DIE PERSOONLIKE HEILSTOEËIENING LEI TOT MARXISME

Peter Beyerhaus het in 'n artikel „World evangelization and the Kingdom of God", oortuigend aangetoon dat die eensydige klem op die kerstening van strukture en die verandering van die samelewing waarby die persoonlike verlossing en bekering tot God uitgerangeer is, juis lei tot Marxisme en die Teologie van die Rewolusie [18]. Evangelieverkondiging sonder klem op persoonlike geloofsoorgawe en heilstoeëiening lei onkeerbaar of tot 'n Social Gospel of tot die daarstelling van sg. Christelike strukture wat beman word deur mense met onwedergebore harte [19]. 'n Mooi voorbeeld hiervan word gesien by die V.U. te Amsterdam.

SAMEVATTEND:

1. Myns insiens moet dit duidelik wees dat evangelisasie en pastoraat wat nie voortdurend klem lê op die persoonlike heilstoesegging, heilstoeëiening en geloofsekerheid nie, die kern van die Evangelie uithol. Die lyne moet egter net deurgetrek word om ook die kosmiese betekenis van Christus te beklemtoon.

2. Wanneer geloofsekerheid ten volle gegrond is buite myself en ten volle geanker is in die soenverdienste van Jesus Christus alleen, is dit onmoontlik om 'n sieklike, selfgesentreerde piëtisme te kweek.

3. Die simplistiese en onwetenskaplike teenstelling tussen Luther en Calvyn, as sou Luther bloot soteriologies geöriënteerd wees en

Calvyn nie die saligheid van siele belang gestel het nie, het onder sg. „Calviniste" in die verlede veel, veel kwaad gedoen [20].

4. Dit is eweneens simplisties en onwetenskaplik om 'n is-gelyk-aan-teken tussen Puritanisme en Piëtisme te plaas [21].

5. Daar is by baie Gereformeerde lidmate 'n verwarring oor en 'n gebrek aan blye geloofsversekerdheid van hulle verlossing in Jesus Christus [22].

6. 'n Suiwere Bybelse verbondsprediking bring die organiese verband tussen individuele geloofsekerheid en die betrokkenheid by medegelowiges as liggaam van Christus duidelik na vore [23].

TEN SLOTTE: DIE MEES DIEPSINNIGE ONTDEKKING VIR KARL BARTH

Aan die einde van sy lewe het iemand vir Karl Barth gevra wat is die mees diepsinnige gedagte wat hy na al sy jare van teologiese studie en publikasies ontdek het. Sy antwoord was baie duidelik: „The most profound thought is this: Jesus loves me, yes I know, Because the Bible tells me so" [24].

Op sy begrafnis het Hans Küng vertel van een van die vele gesprekke wat tussen hom en Barth plaasgevind het: „Küng said to Barth, 'I grant to you good faith.' Barth replied, 'I don't even grant to myself good faith. On that last great day, when I appear in judgment, I'm not going to come there with.... my great bag of theology (for he wrote more than most of us would read in a lifetime). I'm not going to come staggering into the judgment and put that down, for that would make all the angels laugh. Neither will I come and plead my good intentions. But my plea will be, God be merciful to me sinner" [25].

VOETNOTE

1 Dijkstra, H. Die aard van die persoonlike toespitsing van die heil in die Heidelbergse kategismus. 'n Steekproef. In die Skriflig, jrg. 14 nr. 56, Des. 1980, p. 48.

2 Uitsprake van hierdie aard het ek al by Gereformeerde lidmate en predikante teëgekom.

3 Preek oor Ef. 1:4. My vertaling. Vgl. Calvin, J. Sermons on the Epistle to the Ephesians. Tr. by Arthur Golding. Rev. tr. Banner of Truth Trust, 1975.

4 Kommentaar by Joh. 3:16. Calvin J. Het Evangelie van Johannes verklaard. Opnieuw vert. door G L. Goris. Goudriaan, De Groot, 1971.

5 Gelukkig is hierdie soort standpunt nie genotuleer nie, maar dit weerspieël mense se verkeerde idees van „Calvinisme".

6 Calvin, J. Uitlegging op de algemene zendbrieven. Naar de uitg. der Oud Hollandse overzetting van J. R in de tegenwoordige spelling, door A. M. Donner. 2e dr. Goudriaan, De Groot, 1973, p. 273.

7 Brillenburg Wurth, G. De bekering als evangelisatieprobleem. Kampen, Kok, s j.

2 Dijkstra, a. art. p. 45.

9 Veenhof, C. Prediking en uitverkiezing, Kampen, Kok, 1959, p. 117.
10 Kendall, R. T. The influence of Calvin and Calvinism upon the American heritage. London, Hunt, 1976, p. 13.
11 Ibid. p. 23.
12 Veenhof, a.w p. 14.
13 Vgl. ook Spoelstra, Die „Doppers" in Suid-Afrika. Johannesburg, 1966, p. 244. Hy konstateer tereg dat by die Drentse rigting 'n deterministiese tendens bestaan het.
14 Vgl. Veenhof, a.w. p. 16 en verder. Van Brummelkamp as eksponent van hierdie rigting sê hy: „En gegrepen door het levende spreken van de Schrift, zoals Calvijn hem dat leren verstaan, kon hij zich moeilijk vinden in de starre constructie en scholastieke leerwijze der Drentsen."
15 Dijkstra, a. art. p. 41.
16 Aangehaal deur Marshall, J. E. „Rabbi" Duncan and the problem of assurance (IV) *in* The Banner of Truth, issue 207, Dec. 1980, p. 9.
17 Institusie, III, 2, 16, vertaling van Sizoo.
18 Beyerhaus, P. World evangelization and the Kingdom of God *in* Douglas, J. D. Let the earth hear his voice. Vgl. ook Floor, L. Die Koninkryk van God en die vernuwing van die maatskappy. Potchefstroom, Pro Rege, 1974.
19 Velema, W. H. „Een structurele verbetering zonder bekering van de enkeling die in de structuren werkzaam is, kan nog op een fiasco uitlopen", aangehaal deur Floor, L. a.w p. 29.
20 Vgl. hiervoor De Ru, G. De rechtvaardiging bij Augustinus vergeleken bij Luther en Calvijn. Wageningen, Veenman, 1966, bv. p. 95.
21 Vgl. hiervoor Byington, E. H. The Puritan in England and New England, New Your, Franklin, 1972 (2e dr.) en Young, W. Historic Calvinism and Neo-Calvinism in The Westminster Theological Journal, v. 36, Fall 1973, nr. 1.
22 Hierdie ontdekking het ek uit pastorale gesprekke en huisbesoek die afgelope agt jaar gemaak. As jy vir baie lidmate vra: „Broeder en Suster is jy seker dat jy die ewige lewe besit?", dan kry jy dikwels 'n teenvraag as antwoord: „Maar Dominee, hoe weet ek of ek uitverkies is?"
23 Pragtige voorbeelde kry ons hiervan in die Psalms. Die digter begin om vir sy persoonlike nood te bid en eindig met 'n gebed vir die hele verbondsvolk. Vgl. bv. Psalm 25 en Psalm 130.
24 Vgl. Brinsmead, R. D. Subjectivisme and the everlasting Gospel in Present Truth, 1974. Special issue: Justification by faith and the Charismatic Movement.
25 Brinsmead, R. D. The simple teachings of Jesus. Fallbrook, Calif., Verdict Publications, 1979.